Wees Uself

LS JvR

Laerskool Jan van Riebeeck

ADRES: Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
WEBTUISTE: www.laerskooljanvanriebeeck.co.za
E-POS: ontvangs@jvrprim.co.za
TEL: 021 423 4209

Beste Ouer/Voog 31 Oktober 2023

**Deelname aan redenaars 2024**

**REDENAARS IS 'N DEURLOPENDE BUITEMUURSE AKTIWITEIT (KWARTAAL 1 – 2)**

**Graag wil ek weet of jou kind volgende jaar aan ons redenaarsprogram sal wil deelneem.**

Wat behels dit?

| | **DATUM / INLIGTING** | **WIE IS BETROKKE** |
|---|---|---|
| 1) Redenaarsinligtingsessie | Vroeg tydens **kwartaal 1** – Sal op 'n Saterdag geskied.<br><br>Ontvang inligting rakende die beplanning, skryf en voorbereiding van 'n redenaarstoespraak. | Ouer / Voog & kind<br><br>**Belangrik dat hierdie sessie deur nuwe lede en hul ouer(s)/voog(de) bygewoon word.** |
| 2) Afrigtingsessies | Maandae **OF** Dinsdae middae **14:30 – 15:30**.<br><br>Leerders woon die sessie by wat hul buitemuurse program die beste pas.<br><br><u>Toesprake moet reeds geskryf wees</u> – slegs afrigting en afronding vind plaas. | Juf. De Villiers & deelnemers |
| 3) Interne redenaarskompetisie | **Kwartaal 1** – Datum sal bevestig word.<br><br>Ek maak van eksterne ATKV-beoordelaars gebruik sodat ons leerders van die begin af blootstelling aan die beoordelingsproses ontvang. | gr. 1 - 3<br>gr. 4 - 5<br>gr. 6 - 7<br><br>(Sal per ouderdomsgroep oor drie middae geskied) |

Nadat die eksterne beoordelaars die **TOP** deelnemers per ouderdomsgroep aangedui het, begin ons met die inoefening van die toesprake ter voorbereiding van die ATKV se uitdunrondte waaraan die deelnemers verder sal deelneem. (**kwartaal 2**)

Daar sal ander kompetisies deur die loop van die jaar vir die deelnemers wees, al het hulle nie aan ATKV deelgeneem nie.

Laerskool Jan van Riebeeck

ADRES: Kloofstraat 52, Kaapstad 8001 E-POS: ontvangs@jvrprim.co.za
WEBTUISTE: www.laerskooljanvanriebeeck.co.za TEL: 021 423 4209

Leerders wat aan redenaars deelneem, ontwikkel verskeie vaardighede gedurende die proses. Dis 'n lang proses wat leerders ondergaan deur eers afhanklik saam met hul ouers aan die toespraak te beplan, te skryf en voor te berei totdat hulle uiteindelik in gr. 6 en 7 op hul eie 'n toespraak kan skryf en lewer, sonder enige hulp.

*LET WEL: gr. 3 – 5 deelnemers hoef slegs 'n voorbereide toespraak te lewer, maar die gr. 6 – 7 deelnemers moet 'n voorbereide en onvoorbereide toespraak lewer.

**Ek sal alle datums bekend maak sodra ek die deelnemers se inligting ontvang het.

**Hier volg die temas van die ATKV-Redenaars 2024 vir die voorbereide toesprake.**

GRAAD 1 – 3 (2 – 4 minute): TEKENS, SPROKIES, HORLOSIE

GRAAD 4 EN GRAAD 5 (3 – 5 minute): GROND, KOMMA, FOTO

GRAAD 6 EN GRAAD 7 (4 – 6 minute): KOMPAS, WEKKER, WAAG

**Voltooi asseblief die onderstaande deel en stuur teen Vrydag, 17 November 2023, terug skool toe. Indien daar enige navrae is, kontak my gerus per e-pos.**
andri@jvrprim.co.za

*Redenaarsgroete,*
*Andri de Villiers*

---

Naam (Ouer / Voog) : ______________________________

Ouer/Voog e-pos adres (**Wat kommunikasie rakende redenaars moet ontvang**):

________________________________

Leerder naam: ____________________________________

**Graad van leerder in 2024**: ________

Datum: ____________________________ Geteken: __________________________